# Die Wapad


## STUDENTEBLAD VAN DIE P.U.K. VIR C.H.O.

**Hoofredakteur:** R. G. Kriel. **Tegniese Adviseur:** P. J. W. Louw.
**Hulp-Adviseur:** P. H. S. Pieterse.
**Subredakteure:** L. Dekker, L. S. Kruger, M Venter, Mejj. H. Hofmeyr en H. Yssel.
**Administrasie:** J. P. H. Viljoen (voors.), G. J. Wissing, L. J. Nelson, B. J. Kruger.

Deel IV. No. 4. 13 MEI 1949. 3/- per jaar.


# DIE F.C.S.V.-KONGRES

**Die jongsgehoue Kongres van die F.C.S.V. (Federasie van Calvinistiese Studente Verenigings) wat op 22 April te Stellenbosch gehou is, het gestaan in die teken van 'n hernude gesindheid van hartlike samewerking tussen al die verteenwoordigers van die Calvinistiese jeug.**

**Op die informele samespreking wat die Kongres voorafgegaan het was die Calvinistiese verenigings van Stellenbosch, U.K.O.V.S., Kaapstad en die Korps V.V. van die P.U.K. verteenwoordig.**

Die bestaande FC.S.V.-tak te Johannesburg kon ongelukkig geen afgevaardigde stuur nie. Hier is die posisie van die gemengde takke (d.w.s. takke wat uit sowel studente as volwassenes bestaan) bespreek. Besluit is dat in die geval van sodanige takke afvaardiging na kongresse, opstel van beskrywingspunte ens., alleen deur die studente sou geskied, aan wie ook alle korrespondensie gerig sal word.

In so 'n gemengde tak moet 'n minimum van vyf lede wees.

Op hierdie samespreking het die volle kongres gevolg waar die eenheid van die aksie van alle Calvinistiese studente in ons vaderland opnuut bevestig is.

So moet dit ook wees want die stryd word steeds moeiliker, eenheidsoptrede steeds noodsaakliker.

Daar is werk! Dit is, D.V., deur almal op die Kongres aangevoel, dat ons federasie 'n eie blad moet hê.

**So is daar baie sake wat in die toekoms aandag moet geniet. Ek noem bv. 'n twee of drie-daagse kongres waar referate gelewer word, besoeke van een vereniging aan vergaderings van 'n ander om belangstelling aan te kweek en gedagtes te wissel.**

Die toekoms sal bewys wat gedoen kan word en wat gedoen gaan word. Laat niemand skroom om te werk nie.

Die doel van hierdie verslag van die kongres is dan o.a. ook om die lede van ons Korps Veritas Vincet meer belangstelling in te blaas vir sake rakende die F.C.S.V.

U moet weet dat ons nie alleen staan nie. Die stryd mag soms wel moeilik lyk en die toekoms van die Calvinisme donker.

Onthou! Elders word dieselfde stryd gestry. Doen u plig teenoor u vereniging en wees verseker dat andere elders hulle plig doen en meehelp om die beginsels van die Calvinisme uit te dra op elke terrein van die lewe.

So alleen sal uiteindelik ons hele volk opnuut die lewensbeskouing van die Calvinisme vertoon. Om dit te bereik is geen gemakilke taak nie.

Laat elkeen by homself begin en sy plig doen, dan sal die werk van ons vereniging, met die seën van God, vrugte lewer.

**Op die Kongres is gevoel dat waar moontlik, nuwe takke gestig moet word. Elke lid van die F.C.S.V. moet sy krag inwerk om meer lede te win en om op alle maniere die saak van die Calvinisme te dien en te bevorder.** Die verkoop van die S.A.C.U.M.-publikasies speel in verband hiermee seker die belangrikste rol. Laat elke lid van ons vereniging dit onderneem om soveel as moontlik van die publikasies aan te skaf, te bestudeer en verder aan te beveel.

(Vervolg op bls. 12, kol. 2).

## LESERS!

**In die vorige uitgawe van die „Wapad" het óp hierdie bladsy 'n foto van Totius verskyn. Weens gebrek aan spasie kon ons ongelukkig nie meld dat die foto goedgunstiglik geskenk is aan die Redaksie deur Mnr. J. N. J. Kritzinger.**

**REDAKTEUR.**

W. J. GRAHN
HAARKAPPER.

DIT IS DIE STUDENTE SE HAARKAPPER.

*Hier kry U Diens!*

* * *

LANGS DIE TRANSVALER-BOEKHANDEL.

MODERN FURNITURE MART

KERKSTRAAT 128,

VIR AL U MEUBELS.

„DE WALD RADIOS" in voorraad sowel as Slaapkamer, Draagbare en Tafelradiogramme.

REDELIKE PRYSE.

Maklike terme kan gereël word.

KOM SIEN ONS vir u

Fotografiese- en Aptekersbenodighede.

GEEN EN VELLEMAN,

KING EDWARDSTRAAT, POTCHEFSTROOM.

BLACK'S

DAMES EN MANS

UITRUSTERS

* * *

Posbus 197. Foon 179.

KING EDWARDSTRAAT, POTCHEFSTROOM.



# Die Wapad.

13 Mei, 1949.


## STUDENT WEES IN SWITSERLAND

**Die redakteur het my gevra om iets mee te deel oor die studente-lewe van Europa. Aan die versoek kan ek nie voldoen nie, omdat ek alleen die studente-lewe in Switserland ken, en dan tot 'n mindere mate die van Spanje en Noorweë. 'n Studentelewe soos dit in ins land bestaan ken die Switsers nie, en ek deel u dus liewer iets mee omtrent die lewe van die student!**

'n Georganiseerde studentelewe is hier nie omdat die student daar eenvoudig nie die tyd voor het nie. Hulle universiteitsloopbaan beskou hulle as die unieke kans wat hulle kry om hulle so goed moontlik vir die lewe te bekwaam omdat hulle besef dat dié later baie hoë eise aan hulle sal stel, veral op die kontinent waar almal desperaat moet veg om te bestaan en 'n loopbaan te „verower." Die swakkeres sal eenvoudig as akademici van die toneel moet verdwyn. Daarom word daar geen tyd vermors op talle studentevergaderings en ander onbenullighede nie!

Alle studente aan die universiteit is outomaties lid van die „Studentenschaft" wat deur vrye verkiesing 'n studenteraad saamstel. Vir die hele Switserland bestaan dan 'n „Verband der Schweizerischen Studentenschaften" wat eenmaal per jaar 'n „Generalversammlung" hou. Hierdie „Verband" is op sy beurt weer lid van die „Internasionale Unie van Studente." Hierdie studenterade probeer leiding gee aan jong studente ten opsigte van feitlik alles en het ook regsbevoegdheid. Hulle soek selfs kamers vir studente omdat universiteitskoshuise nie bestaan nie. Ook gee hulle 'n maandblad, die „Zürcher Student" uit. Vir etes is die student aangewys op restaurants, en veral die gesellige "Tanne" sal altyd vars in almal se geheue bly!

**Georganiseerde studentesport en studentespanne bestaan nie. Die universiteit bied geen sportfasiliteite nie, behalwe 'n kamer vir swaardspel. Studente wat behoefte het aan sport sluit natuurlik aan by klubs in die stad, of neem deel aan skilaers, arbeidskampe ens. wat die studenteraad gedurende die vakansies reël. Studente stig self soms debats- of dramatiese verenigings ens.**

Soms gaan die studente van die kleiner fakulteite vir 'n naweek saam ski in die Alpe, maar dan is dit maar een of twee keer per jaar. Sportdanse of gesellighede word nooit georganiseer nie, omdat dit te veel inbreuk maak op kosbare studietyd. Buitelandse studente soos Noorweërs, Amerikaners ens. wat in Switserland studeer organiseer hulle self graag in ontspanningsorganisasies wat dan hulle nasionale feesdae taamlik demonstratief voor die universiteit se poorte kom vier.

Eenmaal per jaar reël die "Sturentenschaft" 'n vrolikheidsaand vir alle studente, en een maal per jaar op "Klausabend" 9 Desember reël elke fakulteit se studente 'n funksie waarop die dosent teenwoordig moet wees. Hier word dan 'n spotprent van elkeen "onthul" en kostelike spotverse oor hom voorgedra. Dan word vir die res van die nag gedans, ge-eet en gesing, en niemand mag huistoe gaan voor die môre om 6 uur nie.

Die studiemetode is hier totaal anders as by ons. Studente wat as eerstejaars hier op universiteit kom het maklik reeds die ontwikkelingspeil van ons tweedejaars of selfs derdejaars bereik! Hier sit hulle saam in een klas met derde en vierdejaar studente waar hulle in een semester lesings hoor oor een bepaalde aspek van hul vak. In die tweede semester oor 'n ander aspek, en nadat hulle vier jaar lank lesings bygewoon het het hulle die hele vak gedek, en dan het hulle die reg om hulle aan te meld vir die eerste eksamen nl. die diploma. Nou doen hulle vir die eerste keer eksamen oor werk waarin hulle vier jaar gelede lesings bygewoon het. Toetse word daar nooit afgeneem nie omdat dit nie nodig is om hierdie studente te forseer om te studeer nie. Diegene wat nie studeer nie, (en daar is wel sulkes) kom hierdie eksamen nooit deur nie en verdwyn dus vanself uit die akamediese geledere, waar hulle in werklikheid ook nie tuishoort nie. Die universiteit ken dus nooit grade toe aan mense

wat hulle forseer het om deur te kom nie omdat sulkes nooit 'n bate sal wees vir die wetenskap nie en buitendien 'n slegte klad op die goeie naam van die universiteit sal wees.

**Nadat die diploma voltooi is, waarvoor ook 'n tesis vereis word, kan na nog drie of vier jaar die doktersgraad behaal word—die enigste graad wat die universiteit toeken.**

**J. P. DUVENAGE.**

# KORRESPONDENSIE

Geagte Redakteur,

Ek kom nou net terug van omswerwinge daar gunter in die Weste—ek bedoel tot ver anderkant Mafeking in die geweste van Maritzani. (Tussen hakies: Dit moet glo Mareetsani wees, wat dan sou beteken: die plek van mooi meidjies. En dan verder tussen die hakies: Die verklaring is nie my eie nie, maar wat ek daar gehoor het!)

Nou ja, toe ek nou 'n rukkie gelede die studeerkamerdeur oopstoot, lê hier voor my voete 'n klompie posstukke waaronder ook 'n „Wapad!" Baie dankie daarvoor, mnr. Redakteur, . . so-iets is 'n welkome artikel hier in die vreemde. Ek sou amper wou sê dat jy dit net so gryp as 'n brief van jou nooi!

Soos dit ook maar altyd gaan, het ek ook eerste die ligter stoffies uit die „Wapad" verslind. En weet u wat my opval? Dat ou Louis Kruger nog steeds die moed het om te dig! En dat hy nog net so stroomop soos altyd is, want waar in jou lewe het jy nou-al gesien om by die uitvaart van die somer 'n iets te skryf oor „Lente"?! Nee, mnr. Red., ek verstaan die ou Louis glad-nie—dit lyk my hy is skoon agterstevoor!

**En dan sien ek ook dat daar gekraai word oor 'n eerste indruk. Dit wil my lyk of die jongeling wat so worstel met die drukte, iewers 'n groot drukte het! My raad met die knaap sou egter wees dat 'n goeie druk van iemand anders (miskien kan dit ou Vader Ben van die S.R. wees!) hom nie sal kwaaddoen nie.**

Uit die „Wapad" kon ek egter darem nog merk dat die Pukkie-sake nog hulle verloop het. Dis mooi so, Pukke. Ek kon nooit dink dat daar sal tye aanbreek dat jy darem so 'n bietjie sal terug verlang nie. Maar, wees versekerd, dit gebeur! Om my ou geselskappie dus mee af te sluit, wil ek sê: Geniet die lewe daar—studentelewe is lekker. Maar, onthou altyd moenie dat die genot julle stomp laat word nie. Moenie lui word nie, want studentelewe beteken ook werk. Akademiese werk, maar ook werk vir ons Afrikanervolk en—let goed op, Pukke—ook werk in die onderskeie kerke. Orals is daar werk, baie werk vir ons, as oud-P.U.Kaners, sien met verlange uit na nog baie—sommer honderde en honderde—Pukke wat bereid sal wees om te werk. Hier in die buitewêreld merk jy eers hoe min werkkragte daar is. Daarom, maak deeglik gebruik van die geleentheir daar om te leer om te werk.

Groetend,
W. VENTER.

P.U.K. vir C.H.O.,
Potchefstroom.
5 Mei, 1949.

Geagte Redakteur,

Vergun my hier 'n paar reëls oor die geweldige spotterny wat daar vandag onder ons studente is. Dit is gladnie omdat ek teen enige kwink-

(Vervolg op bladsy 11, kol. 1).

Pukke is altyd hartlik welkom by
UNIEWINKELS
as hulle in Johannesburg is.
ONS VOORSIEN REEDS DIE VOETBALTRUIE EN KOUSE.
Binnekort maak ons 'n belangrike aankondiging i.v.m. die KLEURBAADJIES.
UNIEWINKELS BPK
KERKSTRAAT 45. FOON 22-4746.
Johannesburg.

J.N.J. KRITZINGER
FOTOGRAAF
ROYAL HOTEL-GEBOU,
Kerkstraat 84, Telefoon 455,
POTCHEFSTROOM.

AS U 'N FOTO WIL SKENK,
Kyk dan eers na ons Foto's (in ons Ateljee of by tevrede P.U.Kaners).

P. GROBBELAAR
FOON 331.
KING EDWARDSTRAAT 114,
POTCHEFSTROOM.

PRAKTIESE SNYER
EN KLEREMAKER.

★

Distribueerder van
Rex Trueform Klerasie.

KOM NA
POTCHEFSTROOM
HANDELAARS

Die mees bekende Afrikaanse Handelaars.

Fone: 259 & 250.
KERKSTRAAT,
POTCHEFSTROOM.

*Die Kwaliteit tel altyd.*
Probeer hierdie vir Ekonomiese en durende gemak.

* * *

Sportbaadjies—Embassy.
Sportbroeke—Alba.
Sportskoene—Master 6.
Nuutste Hoede—Battersby.
Pakke Klere—Perfection.
Reënjasse—Durburg.
Pyjamas—Monatic.
Hemde—Consulate.
Onderklere—Meridian.
Dasse—Tootal.
Kouse—Wolsey.
Kruisbande—Guyot.

* * *

ALLES VERKRYGBAAR BY
**TOD SUTTIE'S**
**Die Mans Klerewinkel.**

**INGRAM SE BOTTELSTOOR**

INGEVOERDE
en
KOLONIALE
WYNSOORTE
en
SPIRITUALIEË.

**P. H. JOB**
**King Edwardstraat 51,**
(oorkant Queen's Hotel)
**POTCHEFSTROOM.**
Foon 1031.

* * *

Agent ELECTION horlosies
**Büren, Lanco, Ernest Borel, Renee etc.**
VIR EERSTEKLAS REPARASIES EN GRAVEERWERK.

# Oordenking.

## VERTROU OP DIE HERE.

„Vertrou op die Here met jou hele hart en steun nie op jou eie insig nie. Ken Hom in al jou weë, dan sal Hy jou paaie gelyk maak."—Spreuke 3: 5, 6.

VERTROUE, INSIG en KENNIS ontbreek in ons tyd glad nie. Sal ons sê dat daar nog nooit 'n tyd was van soveel vertroue, insig en kennis as juis in hierdie eeu van wonders nie.

Ons lees van die groot manne van die wêreld, wat hulle vertroue in hierdie of daardie vereniging of organisasie stel, wat sal bydra tot beter verstandhoudinge en wêreldvrede. Ander soek vertroue in die magtige wapens en die vereniging van die volke van die wêreld in 'n Empire of 'n nuwe Babel.

Wetenskaplikes vertrou op hulle eie uitvindings. Die geleerdes van ons tyd (die uitsonderinge is daar gelukkig nog) stel hulle vertroue op hulle eie denke. Die gedagtes, die uitvindinge en die oorlegging van die mens se eie hart, dit is, en was nog altyd in die verlede, die vertroue van die mens.

En in al hierdie dinge is hy tog maar te geneig om hom deur sy „eie insig" te laat lei. Want die mens van ons eeu het baie insig. Hy het insig in die diep verborge geheime van die natuur (só meen hyself). Ja hy weet hoe alles saamgebind is tot 'n groot eenheid. Hy het insig in die ganse struktuur van die wêreld. Daar is vir die oog en verstand haas niks in die dieptes en in die hoogtes van ons heelal waar hy nie iets van weet nie, en wat hy nie kan verklaar nie.

Sy kennis strek geweldig ver. Hy ken so baie. Die lugruim en die sterrehemel is geen onbekende meer nie. Sy kennis i.v.m. die aarde laat jou met verbasing staan. Ja hy peil met die voelers van sy kennis tot in die dieptes daarvan af.

Op haas al die terreine van die lewe word hierdie vertroue op aardse dinge, die steun op eie insig, en die kennis van die mens geopenbaar.

Wie egter luister na wat daar gesê word. Wie die gebeurtenisse helder probeer betrag en 'n oomblik stilstaan om daaroor te besin, hy kom al gou agter dat daardie vertroue op die ondermaanse dinge, die sg. „eie insig" en die grote kennis van ons tyd, die mens glad nie tot rus en vrede bring nie.

Daar is 'n gedurige gesug dat alles tog niks help nie. Wat baat al ons vertroue, ons insig en ons kennis tog? Die weë bly maar ongelyk. Die vrede, die voorspoed, die vryheid, ag ja alles waarna ons verlang om met ons vertroue, insig en kennis te bereik loop tog net op 'n mislukking uit. Ons kry geen antwoord op ons vrae nie. Ons vertroue word geskik. Ons insig in dinge is maar oppervlakkig. Ons kennis gebrekkig.

Wat is dan die moeilikheid?

„Vertrou op die HERE met jou hele hart en steun nie op jou eie insig nie. Ken Hom in al jou weë, dan sal Hy jou paaie gelyk maak."

Is dit nie miskien die antwoord nie: dat wat die Spreukedigter hier sê, juis dit is wat nie gedoen word nie? Aan die Here moet die mens hom geheel en al toevertrou en homself nie deur eie insig laat lei nie. Hy moet die Here in al sy weë ken. In alles wat hy doen moet hy vra na die Woord van God.

Hoe kan die met sondebesmette mens tog op homself en die tydelike dinge vertrou! Om op sy eie insig te steun is net so goed as om teen 'n geknakte riet aan te leun. En sy eie kennis bring hom tot raserny.

En tog . . . . is die mens die spil waarom alles draai vandag. Hy vertrou op homself en steun op sy eie insig en kennis.

Die Spreukedigter leer ons anders. Dit gaan nie in die eerste plek om die mens nie, maar om God.

Daarom moet ook die vertroue van die mens op die Here gestel word. Die beginsel wat sy kennis en insig ten grondslag moet lê is die vrees van die Here.

Wie Hom só ken sal ondervind dat „Hy jou paaie gelyk maak." Hy sal die gelowige leer wat om te doen. Hy toon hom die weg waarop hy moet wandel aan.

Sy Woord is die lig wat die ganse lewe van die mens moet bestraal.

Ook u en ek wat besig is om te studeer en ons vir ons lewenstaak voorberei moet hierdie woorde van die Spreukedigter in gedagte hou. Anders is alles tevergeefs en is gejaag na wind.

'n Kop vol kennis sonder om dit te spieël in die lig van Gods Woord, word sotheid. Menige persoon wat op sy eie insig gesteun het het bedroë uitgekom.

Wie nie op die Here vertrou nie, maar op die mens, sal uitvind dat hy op 'n geknakte riet steun, wat die hand sal deurboor as dit breek. So was Egipte vir Israel 'n geknakte riet toe die Verbondsvolk op die mens i.p.v. God vertrou het. (2 Kon. 18: 21).

Daarom:

„Vertrou op die Here met jou hele hart en steun nie op jou eie insig nie.

Ken Hom in al jou weë, dan sal Hy jou paaie gelyk maak."

P.C.R.

(Vervolg op bladsy 11, kol. 2).

klim, dan klim al die mense op die volgende stasie af, en hulle bly alleen oor, en dan noem oom Tjaart dit 'n esel-trein. Dit is gelukkig ook net hier waar hulle die voordeel trek, want nou betaal hulle goedkoper—minder as die mense.

Die meeste van ons het ook vreeslike hoë ideale. Almal strewe na die hoogste stand. Gevolglik sit baie van ons ure voor hulle boeke, tot laat in die nag, totdat hulle oë potblou is, en almal dink hulle het kliphard geleer; maar al die tyd het hulle maar net na daardie ideale gestrewe. Ek neem hulle ook nie kwalik nie, want hoe langer 'n mens vergeet jy is 'n Gomtor, hoe beter.

**Dan is hier 'n ander snaakse verskynsel: elkeen dink hy is 'n leier. Almal wil gelyk praat met die gevolg dat nie een kan praat nie**; maar toe doen hulle 'n stem ding. Hulle stig vir elke klas—want elke klas het sy eie leier—'n vereniging sodat elke leier ongestoord kan praat. Dit het goed gewerk net om een rede. daar was niemand in die vereniging, behalwe die leier self, wat die leier kon teëspreek nie.

Ek moet nou sluit. Sê groete vir Ma en vir al die kleintjies, en onthou bietjie vir Ma dat ek nog laas vir haar 'n sak meelblom bekoop het.

U seergeleerde seun,

PIET.

# BELANGRIKE DATUMS

Saterdag 21 Mei: Intervarsity teen U.K.O.V.S.

Donderdag 26 Mei tot Dinsdag 31 Mei: Lang Naweek.

Donderdag 9 Junie: A.S.B.-Vergadering.

Vrydag 10 Junie: Korps-Vergadering.

Saterdag 18 Junie: Intervarsity teen U.P.

Donderdag 23 Junie: A.S.B.-Vergadering.

Donderdag, 30 Junie: Einde eerste Semester.

Woensdag 3 Augustus: Begin tweede Semester.

10, 11 en 12 Augustus: A.B.K.K.-Talentaand.

Donderdag 18 Augustus: Korps-Vergadering.

Vrydag 19 Augustus: Debats Vergadering.

Vrydag 26 Augustus: Korps Vergadering.

Donderdag 15 September: A.S.B. Vergadering.

Vrydag 23 September: Korps Vergadering.

REDAKTEUR.

(Vervolg op bladsy 11, kol. 1).

pjleit ek vir dissipline. Wat kos dit ons om gehoorsaam te wees en 'n bietjie na 'n ander stem ook te luister as ons eie?

En nou, ek plaas 'n skuilnaam onder aan hierdie brief, en dit is eintlik waaroor die saak gaan. Ek is bang, nadat hierdie brief gelees is, vir bespotting! Bang dat ek dalk sook nou onder een van die spotvoëls van ons studente gereken mag word. Ek vrees dat daar in my ook nou skielik iets snaaks ontdek mag word, met 'n spotnaam getipeer en dat dit tot vervelens genoem mag word. Onthou! Wie in glashuise woon, moet liewer nie met klippe gooi nie!

Dank vir uopname.

Die uwe,
OMGEKRAP.

* * *

**Jan Viljoen** beywer hom noual daarvoor dat as hier 'n naturelle universiteit op Potchefstroom verreis, die Pukke teen die Pikke moet optrek in die vorm van 'n intervarsity.

VRA VIR DIE

Beroemde

*"Bennie Osler"*

RUGBY STEWELS

**„GRAND CHALLENGE", "INTERNATIONAL" EN "JUNIOR"**

vanaf **32/6**

* * *

**DE BRUYN SE SKOENWINKELS**

**(EDMS.) BPK.**

**POTCHEFSTROOM.**

DIT IS TRADISIE DAT DIE

P.U.K.-STUDENT


van al sy benodighede deur **DIE TRANSVALER-BOEKHANDEL** voorsien word.

**Studieboeke, Vulpenne, Skryfbenodighede, Populêre Leesstof en Tikmasjiene word in voorraad gehou.**

Ondersteun u eie Boekhandel

**DIE TRANSVALER-BOEKHANDEL**

**Foon 497, Kerkstraat 90, POTCHEFSTROOM.**




**DIE NUWE VELOCETTE 149 c.c.**

**Twee-silinder, Waterkoeling, met aandryf-as**

**£147/10/0**

**J. HEIDEMA**

**Kerkstraat 30,**
teenoor die Geref. Kerk,
**POTCHEFSTROOM.**




## A.S.B. STEEDS BEDRYWIG.

**Dít is nog altyd duidelik dat die A.S.B. aan die P.U.K. in sy bedrywighede die pols vir 'n nasionale bewussyn reg laat klop. Veral is dit dan ook vir ons as P.U.Kaners 'n groot aansporing dat ons nie hoef te soek na dade wat reeds verrig is nie.**

Ons kan maar net dink aan die poging van A.S.B. om 'n Landsdienskamp te hou, wat so geslaagd was, dat dit nog lank in die herinnering van die kampgangers sal bly. Wie kan dan ooit die grondboontjielande, wat 'n bietjie sweet van A.S.B. geverg het, vergeet? Daar was ook die onmisbare hulp wat die dames verrig het. Hulle kos was „Boerekos." Deur die Landsdienskamp aan die oewers van die Vaalrivier, is één gevoel voorwaar versterk: **Die liefde vir ons eie Afrikaanse bodem.**

Op 5 Mei is 'n geslaagde programvergadering van A.S.B. gehou in die vorm van 'n studievergadering. Die hooftema, „Apartheid," is onder die aspekte, Maatskaplike apartheid, Ekonomiese apartheid en Politieke Apartheid bespreek deur Mnre. B. Duvenage, C. G. Viljoen en J. du Plessis onderskeidelik. Van veel waarde was ook Mnr. Matheusen se interessante toeligting omtrent apartheid waaroor hy outoritêre kennis tot sy beskikking het. Hiermee het die A.S.B. dan deels een van sy groot take vir 1949 vervul.

Mag dit nie vrugteloos wees nie en lank lewe die A.S.B.!

V. E. D'ASSONVILLE,
(Sekr. A.S.B.).

## SKAAK

Die entoesiasme vir die skaakklub loop besonder hoog en die weeklikse byeenkoms word goed bygewoon.

**Om 'n blywende entoesiasme te wek, het prof. D. van Rooy 'n wisselbeker geskenk.** Of die fakulteite óf die verskilende koshuise sal om hierdie beker kompeteer. Die bestuur sal later daaroor besluit. Ons hartlike dank aan prof. van Rooy vir hierdie welwillende gebaar.

Die skaakklub hoop ook om met die intervarsities U.K.O.V.S. en U.P. op die skaakbord te ly te gaan.

---

**Benoon Duvenhage** se meisie wil nie van hom droom nie, sy is bang vir nagmerries.

## VERLOWINGS

**De Klerk—Kruger.**

Aan professore, dames en here studente maak ons onvoorwaardelik bekend dat ons tweetjies, albei van hierdie instituut, van voorneme is, om, as daar niks onvoorsiens voorval waarvan ons nie weet nie, ons in die verlowingsbootjie te plaas en dat ons dit van die plaaslike damwal wegstuur wetende dat ons voortvaar op die swierige wieke van 'n liefdestriomf na die hawe van bindende eenheid, geluk en voorspoed wat selfs met 'n politieke filosofiese aanslag nie sal kan verbreek word nie. Toestand bly onveranderd. „Ou Nasionale setel, daarom wil hy nog 'n paar ander setels ook betwis. (Vervolg op bladsy 9, kol. 3).

*Wanneer u*
OU VRIENDE(INNE) WIL ONTMOET,
LANG PRETTE WIL MAAK,
LEKKER WIL ONTSPAN,
EN TERSELFDERTYD LEKKER WIL EET,

*Kom na*

**CACHET VERVERSINGSKAMER**

Tee, Koffie, Koeldranke, Eetware, Sigarette, ens., alle tye van die dag verkrygbaar.

Eienaar: H. J. Kruger.

# SPORT

Soos ons verwag het, het dit ook gebeur. Die Theos het die eerste wedstryd van die reeks oorwinnings wat op hulle wag, gewen. In 'n harde en aanskoulike wedstryd is Klerksdorp 3—0 verslaan. Platbos was vir die drie punte verantwoordelik toe hy die bal deur die pale geloods het. Die samespel van die Pukke was prysenswaardig. As hulle so aanhou, behoort hulle dit vanjaar ver te bring.

**Ook die ou Navy het hom reggeruk. P.O.K. was die slagoffers van hulle verwoede aanvalle en hoewel hulle (die onderwysers) 'n groot oorwinning verwag het, is hulle 3—0 verslaan vanweë die Pukkies se skitterende spel.**

Mooi so en hou so aan.

Ook **Kaspaas** met sy 0/19-span, speel net wen-rugby. Dit lyk asof hulle nie kan verloor nie.

Klerksdorp moes 18—3, Normaal 16—3 en Ventersdorp 19—3 teen hulle in die stof byt. Dit was kolskote.

„Die Wapad" wil aan **J. Steenekamp, G. Haupt, C. van Vuuren, F. Coetzer, H. du Plessis** en **F. Bezuidenhout** geluk wens met die insluiting in die spanne wat „Trials" gespeel het. Verskeie Pukke gaan beslis die Wes-Transvalse truie teen die All Blacks dra.

VERSLAGGEWER.

## HOKKIE.

Wat hokkie betref gaan daar vanjaar maar weer net 1 span in Wes-Transvaal wees en dis die P.U.K.-span. Die entoesiasme loop baie hoog en talent is hier genoeg.

Tot dusver het die 1ste span nog geen ligawedstryde gespeel nie, maar die oefen-wedstryde teen Proefplaas en Normaal is albei oortuigend gewen. Die samespel en goeie gees in hierdie span is treffend.


Die B-span was ongelukkig om hulle eerste ligawedstryd met 3 doele teenoor 0 teen Normaal B te verloor. Met groter slaankrag en meer taktiek behoort die span goed te vaar in die B-liga.

**Die volgende Pukkies het deelgeneem aan die interdorp wedstryde tussen Potchefstroom en Klerksdorp: Ds. Loots, Mnr. I. Joubert, Perd Venter, Steve v.d. Merwe, Bertus v.d. Walt en J. Buys met Peet de Wet en Eliot Wagner as reserwes. Ons hartlike gelukwensinge aan J. Buys met die verkryging van Wes-Transvaal kleure.**

Vanjaar word die Interuniversitêre toernooi vanaf 18—23 Julie op Stellenbosch gehou. Verlede jaar het ons met 'n verswakte span gelykop gespeel teen Wits. maar vanjaar gaan ons nog groter verrassings op daardie punteleer veroorsaak.

*„OORVERTEL DEUR SPRINGBOK" Nr. 1*

# Die Man wat nooit 'n Wedloop verloor het nie!




**Eerw. G. W. Rolland, wat dikwels die grootste Suid-Afrikaanse naelloper van alle tye genoem word, het nooit 'n wedloop verloor nie!**

**„Sporting Parson" Rolland, wat reeds as skoolseun 'n ster op die baan was, het sy grootste prestasie behaal met sy 100 tree in 9.6 sekondes . . . dit was in Port Elizabeth in 1882.**

**„Oorvertel deur Springbok" werp die soeklig op 'n ander groot Suid-Afrikaanse baanbreker, nl. Danie Joubert. Sy tyd van 9.4 sekondes, wat in 1931 in Grahamstad aangeteken en 16 jaar later as die wêreldrekord erken is, staan tot vandag nog as die wêreld se rekord oor 100 tree!**






**10 - 20 - 50**
***Met of sonder Kurk***

# SPRINGBOK

*Die Sportman se Sigaret*

U/S 355

ONDERSTEUN 'N OUD-P.U.KANER

J. P. V.D. WALT. L.F.V

Apteker

**Kerkstraat 111 (langs Ackermans)**
Foon 929,
**POTCHEFSTROOM.**

* * *

**Ek voorsien alles wat van 'n Apteek verlang word.**

LUCILLE

DIE ROK SPESIALIS

Altyd eerste met die Jongste.

Foon 62.
**Kerkstraat 146,**
**POTCHEFSTROOM.**

**Die Firma van**
**DAVY ROBERTSON se ATELJEES**
Alom bekend vir die produksies van die mees moderne **PORTRETTE.**

Ook vervaardig ons **FOTO-RAME.**

DAVY ROBERTSON

Bus 99. Telefoon Nos. 317 & 493.
**POTCHEFSTROOM.**
**Ook te Rautenbachs-geboue, Klerksdorp.**

Ons strewe is Diens aan die Publiek.
Service to the Public is the inspiration of our efforts!

Always first with the Latest Shoe Creation.
Altyd eerste met die nuutste skeppings in Skoene.

**Largest Distributors of High Grade Footwear in South Africa.**
**Grootste Distribueerders van Stewels en Skoene in Suid-Afrika.**

W. M. CUTHBERT

Posbus—296—P.O. Box
Foon—137—Phone
**POTCHEFSTROOM.**

Skoeisel-Spesialiteite
Footwear Specialists

# ALGEMENE KENNIS

## No. 1: DIE DANSMANIE.

In Julie 1374 terwyl die Heilige Johannesfees op 'n wilde woeste en half heidense wyse in die stad Aix-la-Chapelle gevier is, het buite in die strate 'n bestenheid op die feesgangers toegesak.

'n Epidemie het Europa weereens getref; hierdie keer egter was dit 'n dansmanie wat ook die naam St. Vitusdans dra (Dans van die heilige Weit). In Italië het dit die naam van Tarantisme gedra omdat die deur die byt van die Tarantulaspinnekop veroorsaak word! Hierdie siekte het sig dan ook in verskillende vorme geuit na gelang van verskillende geestelike, plaaslike en godsdienstige omstandighede, want hierdie aanvalle is 'n vorm van histerie!

Kenmerkend was dan ook dat die dansers alle beheer oor hulle bewegings verloor terwyl hulle voortdans in 'n wilde delirium—totdat hulle weens algeheel uitputting neerplof op die strate om daar kermend en kreunend te lê soos sterwendes wat in doodsangs verkeer. Ander weer het in hulle dolle vaart voortgedans totdat hulle met 'n laaste reuse inspanning afstorm op 'n muur—kop eerste—om so hulle dood te vind!

Sulke dansers was blind vir enige prikkel of indrukke van buite, terwyl visioene hul bewussyn gevange geneem het: Vir sommige was dit asof hulle in 'n see van bloed wegsink sodat hulle met 'n laaste wanhopige poging so hoog moontlik probeer spring; vir ander was dit weer asof die hemel geopen word en hulle die Heiland en die Maagd Maria aanskou.

Hoewel hierdie manie hoofsaaklik in die oorbewoonde Duitse stede ontstaan het, het dit tog spoedig versprei na die Laaglande, na Cologne, Metz en Strasbourg en aanleiding gegee vir vele oproere en onluste. Van dorp tot dorp het groepe dansers voortgetrek en hulle meeslepende musiek het die skares spoedig aangesteek. Van plek tot plek het hulle kerke in besit geneem en oral is beledigings en vervloekings teen die priesters geslinger.

Waar hierdie manie die ergste geheers het, was dan ook in streke waar swak behuising, ondervoeding, morele korrupsie, die handelswyse van die laere geestelikes en die onsekerheid i.v.m. besittings soos 'n swaard bo die hoof van hierdie rampsalige mense gehang het: In die bedwelming van die delirium het hulle verliging gesoek!

As middel hierteen is geestebeswering toegepas; maar die beswering was slegs doeltreffend wara die manie gedreig het om uit te breek. Eers aan die begin van die 16e eeu het Paracelsus, die groot hervormer op mediese gebied, indompeling in koue water met groot sukses toegepas. Teen die begin van die 17e eeu was die St. Vitusdans dus beslis aan die uitsterf, en vandag hoor 'n mens slegs af en toe daarvan en wel as 'n soort senuaandoening.

BOKWAGTER.

## BROSJURE WYSHEDE.

Die ou here moet belangstel in die enger kring, en moet nie te straf wees op die eerstejaars nie, want hulle moet tyd hê om vir die borsjure-eksamen te leer.

(En hoe het hulle geleer!—Red.)

* * * *

Die S.R. Voorsitter moet die reëlings van die S.R. onderteken. Vir hierdie doel egter moet hy sy bestellings plaas by die S.R. kontrakteurs.

* * *

'n Goeie P.U.Kaner moet hom waardig gedra by eerstejaars en geheel C.H. Oties wees.

(Dank jou die duiwel!—Red.)

* * *

'n Goeie student moet voorkom as traak-my-nie-agtig en moet sodoende probeer om 'n beter gees aan P.U.K te skap.


(Ek kon dink dit is julle opvatting van 'n goeie gees.—Red.)

* * * *

'n Ideale eerstejaar is iemand wat hom, volgens die ouhere, hard hou. Sodoende leer hy die ouhere ken. Ook moet hy 'n harde groenslang wees wat die ouhere in staat stel om ontgroening-maatreëls toe te pas.

(Die hardhou is niks maar pasop vir die sagmaak! Red.)

# ONS RUITJIE



DWARS.

1. Val rond, by Cilna. kry wel grond, by Hanna.
5. Dit lyk of „sy" nou maar met P.D. tevrede is (agterstevoor).
6. Hy het Dorothy omgeskop.
8. Met dié soort skiet mens letterlik.
11. Om te vry is . . .
12. „Lourenco Marques for happy listening" waar het u dit laas gesien.
15. Ou Naas bly maar nog altyd baie . . . . vir die dameskoshuis.
16. Meisie van oor die 17 jaar.
17. Die hoof van 12 dwars (agterste voor).
19. Omdat Jamboy in die laaste tyd nie meer soveel bel nie loop hy nie meer soveel keer 'n B . . . nie.

AF.

1. „As jou vingers oor die klawers gly," wie se ontboesming is dit?
2. Komponis vir „Elke Pukkie is 'n knap student."
3. Dit word net in die donker gedoen.
4. Botterbul bly ook daar.
7. Die meeste Pukke hoef nie bang te wees dat hulle hul sal . . . nie.
9. „Sy" gaan die oorsaak wees dat Wimpie albei stoele missit.
10. Ons ken hom almal as Jan . . .
13. Maar as jy 'n meisie vra dan . . . jy haar nie letterlik.
14. Mens . . . . lekker in Heimat eetsaal.
18. Bertus se toekomsdrome t.o.v. die skonere geslag word altyd deur daardie woordjie die nek ingeslaan.

**Wissing** het gedurende die afgelope vakansie 'n noue ontkoming gehad toe hy in die nag deur 'n jagter in die veld vir 'n uil aangesien is.

**Benoon—Freda.**

Ons het gister besluit om, as die weer dit toelaat, in ons verlowingsbootjie te klim. Ons hoop om na die winter met grote planne voor 'n dag te kom. Nuwe verandering in ou setel.

* * * *

**Lessing—Kriel.**

Dit is nie van nou af dat ons al aan almal wil bekend maak dat ons besluit het om, as die oes dit toelaat, ons roeispanne te gebruik in die verlowingsbootjie nie. Uit die aard van die saak is dit 'n arbeiders setel.

* * *

**Lappies—Van Wyk.**

As sy, as eerstejaar nie saans om halfagt moes inwees nie, kon ons al lankal verloof gewees het. Nuwe setel.

* * *

**Jan en Martiens van der Walt.**

Onder die drang van omstandighede wou ons ons ook graag verloof. Toestand onseker.

* * *

**At Erasmus die P.U.K. se dirigent.**

As ek my tog net kan verloof al is dit na die Alabama-toer van volgende jaar. Geen setel—te min kiesers.

(Die redaksie hou hom nie verantwoordelik vir die gevolge wat hierdie laaste twee berigte mag hê nie).

*LEES*———

**Die Westelike Stem**

Enigste Afrikaanse Weekblad wat gepubliseer word vir Wes-Transvaal.

———:o:———

SPORTSBERIGTE, ALGEMENE NUUS.

**STUDENTE!**

Vanaf 1 April l.l. het

## DIE AFRIKAANSE PERS BEPERK

(Eienaars van: „Die Vaderland," „Die Brandwag," „Rooi Rose," „Kort en Goed," „Sondagnuus," ens. ens.) nie alleen in daad maar ook in naam in **Potchefstroom** verteenwoordig. Vanaf genoemde datum dryf ons handel onder die naam van

DIE AFRIKAANSE PERS BEPERK

**IN DIE OU "HERALD" GEBOUE (Kerkstraat 110)**

wat tans herbou is in 'n pragtige MODERNE WINKEL vir

**BOEKE, SKRYFBEHOEFTES EN PRESENTE.**

Ondersteun u Afrikaanse besigheid!

Die Afrikaanse Pers Beperk

**Posbus 149. Potchefstroom. Foon 363**

(Voorheen DIRK PONS EN KIE.)

**Kerkstraat 110.**

# PARAFRASE VAN 'N JAMBOOISE HOOFARTIKEL

Ek is 'n Übermensch—ek is die verwate enkeling, die uitverkorene, die één persent aan wie dit geskenk is om as trotse verdediger van die geestelike waardes van die lewe, die Ideële en die skone deur die lewe ongeskonde te dra.

**Ek bewandel die kouer, hoër paaie van afgesonderdheid en geroepenheid en uitverkorenheid. As profeet van die geestelike waardes in die lewe, stel ek die aardsheid en wurgende alledaagsheid van die gewone lewe meedoënloos aan die kaak. Ek verag die gewone mens, die gemiddelde mens wat die bioskoop (waar nogal dikwels dramatiek en vertolking van hoë gehalte gesien word) besoek, en na jazz-musiek ('n kunsvorm van die moderne tyd, nes die klassieke een van die verlede was) inluister.**

Ek verag sulke kleinlikes wie se gees nog nooit bokant dié dinge kon uitreik nie, dié wurms wat in die stof rondkruip en volkome tevrede is met 'n lewe wat verrot is van platvloersheid, wat hulle siele voed met „karringmelkpolkas" en „happy listening."

Hoe kan ons beskawing en kultuur voortbestaan as dit net enkelinge soos ek is wat as helder-bewustes die stryd om behoud en handhawing van die geestelike waardes stry. Die groot massa (dis julle!), die 99%, dra nog net altyd daartoe by om ons geestelike erfbesit te verkrag en te vernietig.

**O, Ek die Übermensch! Dié toestand vervul my met 'n diepe weemoed, maar dan gloei ek weer van selfingenomenheid dat ek die uitverkore enkeling is, die siende, verhewe wese temidde van die blindes.**

Ek is 'n toekomstige geestelike leier van my volk—julle is die kulturele barbare. Vir my is musiek kultuur, want dit is al waarvan ek nou toevallig iets weet. Geleerdheid, of liewer kwasi-geleerdheid, is dus vir my snaaks. As jy iets van Haydn weet, staan jy kultureel op 'n hoë peil. Jy hoef verder niks te weet van Plato se Ideale Staat, die Romeinse Regstelselfi van Karel die Grote, van die Filosofie of die Sielkunde, van Shakespeare of Goethe en allermins van N.P. van Wyk Louw nie. **Dié dinge is snert—die kwalifikasie vir kulturele ontwikkeldheid is 'n skamele tweede-derdehandse kennis van musiek, en net klassieke musiek.** (Ek weet nie wat „klassiek" nou juis beteken nie, maar dis nie ter sake nie).

Foeitog, julle tastendes in die duister, julle afgestomptes, julle Vandale en „cave-men", julle wat geen fynheid van gees besit nie. Wat moet ek doen om julle ontvanklik te maak vir die klassieke skoonheid van harmonie, klank en ritme, die komplekse temas (indien dit nie a-tematies is nie) van bv. Bach se musiek?

O, julle seuns en dogters van my volk, julle gaan onder weens gebrek aan kennis. Ag, hoe bly is ek dat ek al die kennis in pag het—ek is so oneindig wys in my eie oë.

**Ek is so groot, so verstandig en meerderwaardig, ek is so bewus van my geroepenheid en verhewenheid, ék, o Ek, die Übermensch.**

—En julle, julle 99%, julle gepeupel, julle moet aan julle groottone opgehang word want julle is die oorsaak van die „Untergang des Abendlandes."

Wee, o wee.

LE NOIR CORBEAU.

W. J. GROBBELAAR

DAMES EN HERE HAARKAPPER.

*MARCEL EN WATERGOLWING.*
*PERMANENTE HAARGOLWING.*

*Helen Curtis Machineless Oil Perm,*
*Jamal Machineless Cream Perm.*

BEKWAME BEHANDELING GEWAARBORG.

Tabak-handelaar en Fantasiegoedere.

**Tel. 330. KERKSTRAAT 92, POTCHEFSTROOM.**

## KENNISGEWING.

**Onder bestuur van die A.B.K.K. tree die P.U.K. Toneelvereniging en die P.U.K.-Alabama-Boere-Drkes op Gradedag, die 14e Mei, gesamentlik in die Gimnasium-skoolsaal op. Gaan sien hier u eie mense optree, en ondersteun hulle; maar kom vroeg want daar word geen plekke bespreek nie.**

**Toegang: Volwassenes 2/6.**
**Studente 2/6.**
**Kinders 1/-**

**Tyd: Saterdag, 14 Mei, 7.30 n.m.**

# KASPAAS

Mnr. Kuifie van Vleuel, alias die Ridder van die groen Kruisbandorde, asook geslaan met verskeie ander ordes, is onlangs op 'n spesiale vergadering, deur homself gehou, verhef tot die Ongekroonde Snookerkoning van sy eie kontrei. In sy opregte beskeidenheid, sonder enige verwaandheid, het hy dit met graagte en dank ontvang.

Hy het aan ons verteenwoordiger verklaar dat hy nou tot verdere stappe wil oorgaan om eerstejaardames te nader i.v.m. liefdesaangeleenthede. Uit vertroubare bron verneem ons dan ook, dat daar in hierdie verband, magtige potensialiteite in hom skuil. Vanweë die onpeilbaarheid van sy innerlike wese is hy 'n persoon wat, volgens sy eie opregte mening, nog tot magnefieke hoogtes van roem en eer kan en sal styg. Aan moed en durfkrag ontbreek dit hom geensins.

Namens ons almal wil ek hom dan net alle sterkte en sukses toewens.

(V.O.B.)

(Vervolg van bladsy 3, kol. 2).

slae of gesonde skerts tussen studente is nie, maar omdat ek voel dat hier meer as genoeg mense in 'n absolute onaangename bespotlike lig gestel word. **Die moeilikheid is dat daardie spotters nooit openlik navore tree nie. Hulle is te lafhartig daarvoor en dan probeer hulle kompenseer deur ander in 'n bespotlike lig te stel—en hulle gaan vry uit.**

Om maar 'n voorbeeld te noem: dit is goed om 'n dirigent se moed deur 'n aanhoudende geskree en, sal ek maar noem, hom te ignoreer, op die proef te stel. Maar dit is beslis laakbaar as daarmee voortgegaan word en die posisie vir die man ondraaglik word. Ons moet onthou dat hy daar gestel is om ons af te rig en op Intervarsity te verpersoonlik, maar beslis nie om ons spotlus op uit te haal nie.

Dieselfde geld waar 'n bestuur sy bes gedoen het om iemand te kry om 'n vergadering te veraangenaam met een of ander item, en dit gaan gepaard met 'n geskreeu vooraf (of is dit applous?) en 'n voetgestamp en allerlei aanmerkings. Dit kos net een persoon om van 'n sotheid kwyt te raak . . . die ander vind dié oormoed baie prettig en gou is daar 'n chaos, en niemand sal ooit weet wie die kwaad gestig het nie.

Hierdie gees kannie opbouend wees nie. Dit maak die mense, wat almal nog maar vastigheid in die lewe soek, kopsku.

**Dit leer verder om voorsitters in vergaderings te ignoreer. Dit laat die mense wat nog iets positief probeer doen, die hande in die lug gooi en sê: Stel u voor dat daar nie meer 'n ietsie is om 'n vergadering af te wissel nie, dat alles in dieselfde roetine afgehandel word; dat alle vergaderings droog en prosaïs word, of dat besture selfs ophou om vergaderings byeen te roep! Wat gaan van ons word?**

Al waarvoor ek pleit, Mnr. die Redakteur, is 'n bietjie meer erkentlikheid. Ons hoef 'n persoon nie te vlei as ons ons tevrenedheid oor sy dade of optrede wil te kenne gee nie. Onthou! Elk van ons mag in dieselfde posisie te staan kom. Verder pleit ek vir spangees. As ons wil optree, laat ons saam handel maar, al is ons jonk en onervare, soos manne en dames wat tekens van behoorlike opvoeding toon. Dit, glo ek, het elk van ons minstens gehad! Dan nog,

(Vervolg bladsy 5, kol. 2).

Potchefstroom.
8 Mei—

Liewe Pa,

Verskoon a.s.b. hierdie brief, maar die lewe druk nou so baie dat ek voel ek verlang so 'n bietjie. Dis nie eintlik die lewe wat druk nie, maar die P.U.K. Ook nie eintlik die P.U.K. nie maar die mense. Hulle is die snaakste klomp wat ek nog bymekaar gesien het—byna kosmopolities.

Die mense hier word verdeel in vier stande: die Rektor-stand; die Professor-stand; die Lektor-stand; en die Gomtor-stand. L.g. word weer verder verdeel in klasse, maar dis te veel om op te noem want elkeen is 'n klas op homself. Maar as hulle bymekaar kom, praat hulle van „Ons Studente!" Dis te vreeslik! 'n Mens sou sweer hulle is geleerd. Maar hulle is só onbelangrik, hoewel hulle die meeste is, dat ek gladnie eers vir Pa oor hulle wil skryf nie! Hulle is onbelangrik omdat hulle nog nooit belangrik was nie, en tog wil hulle altyd die botoon voer. As hulle in 'n trein

(Vervolg op bladsy 5, kol. 1).

**OPLOSSING VAN „ONS RUITJIE"**

| Dwars. | | Af. | |
|---|---|---|---|
| 1. | Lappies | 1. | Loi |
| 5. | Rita | 2. | Pasch |
| 6. | Perd | 3. | Soen |
| 8. | ICI | 4. | Gathland |
| 11. | Lelik | 7. | Doodwerk |
| 12. | Wapan | 9. | Ria |
| 15. | Sku | 10. | Bas |
| 16. | Dame | 13. | Skiet |
| 17. | Ryno | 14. | Smul |
| 19. | Loutjie | 18. | Nee |

Dr. Kruger van Gath-land het besluit om sy digterstalent nie nog verder aan te hits nie, aangesien sy tafel se laai reeds gevul is met onverskene mss.—Wie het ooi geweet van die teenwoordigheid van so'n groot sluimerende, ontwakende digtersfiguur op die P.U.K.?

Nie meer die praat nie, alleen die warme sielvolle en besielende daad kan ons help.—Totius.

GILFILLAN EN STROH
POTCHEFSTROOM.
FIETSE EN FIETSREPARASIES

CORNER FRUIT STORE
VIR
VARS VRUGTE EN GROENTE
DAELIKS.
HOEK VAN KING EDWARD EN RETIEFSTRAAT.
Foon 118.

POTCHEFSTSROOM
DRY CLEANING WORKS
FOON 789. POTGIETERSTRAAT 18.
PROBEER ONS
VLEKLOSE DROOGSKOONMAAK EN SPOEDIGE AFLEWERINGS.
*Eienaar:*
P. D. DE WET POTGIETER
POTGIETERSTRAAT, POTCHEFSTROOM.

# VICTOR AMORIS PELSJAGTER

Op die duiselingwekkende hoogtes van belangrikheid wat hom tot groot dade aanspoor, beweeg hy hom, hy by name Dasvel met sy allesverterende liefde vir alles wat karoo is—van 'n karoobossie via 'n Karoo-nooi tot 'n Karooplaas. Soos sy naam aandui, is sy potensialiteite veral van krag wat die vel of epidermis betref, en nou het hy die twee pole van sy magtige sielelewe nl. die Karoo-pool en die Velpool op één brandpunt saamgetrek, nl. die geslaagde vastrekking van die voorwerp van sy jagtog.

**Wat die beroering in sy andersins so kalme gees teweeggebring het, was die swarthoofdige skone in wie se oë wat so donker soos die donker Middeleeue is, hy gemeen het om die eerste glanse van die Renaissance waar te neem as hulle op hom gerig is.**

Sy allesoorheesende affiniteit tot die epidermis het hom laat besluit dat die kosbaarste en die besittenswaardigste tipe vel die Pels is, en nou stel hy alles in sy vermoë in werking om die Pels met die Dasvel tot 'n lieflike en liefdevolle eenheid te laat versmelt, 'n eenheid waarvan die hegte fondament 'n groot deel Karoo-aarde is.

TOESKOUER II.

## RAAI! NOU TOENOU!

Hiermee wens die Redaksie van die „Wapad" Menere **J. P. B. Viljoen, H. S. Pelser** en **Frans Buys,** wat onlangs getroud is hartlik geluk te wens asook **Meneer Benoon Duvenhage** wat onlangs met mej. **Frieda Coetzee** verloof geraak het.

## PROEF No. 864.

**Doel.** Om te bewys dat twee gelyk is aan een.

**Apparaat:** Telefoon, tiekie, manuale, pedale, gutterale, e.a. korporarele organe van 'n spykerlustige ouheer en 'n verliefde door, bankie en boom.

**Metode:**

1. Ouheer gaan sit op die draad en skiet die door.

2. As die reaksie positief is, wend dan jou sektiese meganismes van jou trap-der-jeugd in die rigting van die „Groot Berg."

3. Plaas jou manuale orgaan in werking om 'n elektroniese meganisme in aksie te stel, wat op sy beurt in resterende dorasie se pedale organe laat fungeer. Laat daar nou ontploffinge en suisinge deur jou orale orgaan plaasvind, veroorsaak deur vebrasies van sekere gutterale organe.

4. Na 'n rukkie sal daar 'n polêre aantrekkingskrag ervaar word tussen die bankie en genoemde humane kreasies.

5. Neem plaas.

6. Sit nader.

7. Daar gaan niks aan nie.

**Waarneming.**

'n Gevulde sirkel word gevorm met die herbome van beide manuale, sodat die corpus van die doriese wese omsluit word—daar gaan dinge aan; ek bedoel die reaksie is nou duidelik waarneembaar.

**Resultaat:** ('n Uur voor middernag). Twee is gelyk aan een!

J. H. BOOYENS.

(Vervolg op bladsy 1, kol. 5).

Die kongres roep ons opnuut tot ons plig en tot optrede.

Mag hierdie dringende oproep nie onopgemerk by u verbygaan nie!

I. J. v.d. WALT.

Potchefstroom
se Mees Moderne
DAMES-KLEREWINKEL

Die jongste versameling van
**Dames rokke, -Baadjies, „Jeeps," Skirts, Bloese, Onderklere, Blomme, Naaiwerkbenodighede, ens**

BY

**LA VOGUE**
(J. M. Taylor)

**Posbus 221. Foon 440.**

**W. J. SPAVINS EN SEUN**
VIR ALLE
Elektriese Benodighede,
Draadlose, Koelkaste.

**KERKSTRAAT 65, POTCHEFSTROOM.**

DIE NUUTSTE ONTWERPE.
MODE SE HOOGSTE PUNT.
ENKEL-LISSIE
DAMESSKOENE
vanaf 29/6

**EDWORKS (1936)**
**BEPERK**
**KERKSTRAAT, POTCHEFSTROOM.**

Probeer ons eerste vir u
*WINTERBENODIGHEDE*
GROOT VOORRAAD OP HANDE EN PRYSE WAT ELKEEN KAN BEKOM.
:o:
BOTHA GOOSEN
Foon 430 POTCHEFSTROOM Posbus 81

Gedruk deur Die Westelike Stem, Potchefstroom en uitgegee deur die P.U.K.-studente Verteenwoordigende Raad.

3d.

# Intervarsity

P.U.K. versus U.K.O.V.S.

3d.

-: SPESIALE UITGAWE VAN „DIE WAPAD". 20 MEI 1949. :-


# FIRES AAN DIE WOORD

**Dis intervarsity! Dis 21 Mei—die dag waarna elke Pukkie en ons hoop elke Kovsie ook uitgesien het. Die dag is hier en groot dinge gaan gebeur, en die moontlikheid van verrassings is nie uitgesluit nie.**

Verlede jaar was U.K.O.V.S. gelukkig om P.U.K. te verslaan met al hul voetbalspanne. Die vorige jaar d.w.s. 1947, het hulle tweede en derde spanne verloor, terwyl hul eerste en onder negentiens weereens met die louere heen gegaan het. Ook in 1946 het U.K.O.V.S. ons geheel-en-al kafgedraf. In 1945 kan ek my so vaagweg herinner dat hulle verloor het. Dit is my 'n besondere behoefte om U.K.O.V.S. geluk te wens met hulle mooi oorwinnings wat hulle die afgelope drie jaar oor P.U.K. behaal het. Ek is, daarenteen, net so besonder jammer om U.K.O.V.S. mee te deel dat verlede jaar die einde van hulle oorwinnings was. Miskien sal u sê ek praat sommer, sonder om te dink. En tog sal u met my saamstem nadat ek sakies uiteengesit het.

U.K.O.V.S. se Onder-negentienspan sal baie uitstaande moet wees om enigsins gelykop te speel teen die span van **Kaspaas**. Kaspaas, die senter, en sy maat Viljoen is dodelike aanvallers en U.K.O.V.S. sal moet bont staan. Die voorstes van hierdie span is nadelig vir die skaal. Ons dink aan **Campbell, Murray** en ander staatmakers. 'n Nugtere oordeel oor die uitslag van hierdie span teen U.K.O.V.S. sal wees: hulle gaan wen.

**Die „Navy"**—daar's 'n lekker span. Almal manne van goeie staal en spelers wat roekeloos kan raak. Hitler is hier die aanvoerder. Oor die algemeen is daar geen swak skakel in hierdie ketting nie. Die staatmakers




C. VAN VUUREN.

van die span is al vyftien spelers. Die agterlyn met **Fanie** en **Frik** op die senters, en **Boois** agter die pak voorstes, behoort U.K.O.V.S. telkemale tot verdediging te dwing. Die konklusie kan hier ook net positief wees.

**THEOS, die span van die dag! Ek wil geensins die span ophemel nie, maar ek dink stellig dit sal een van die verrassings wees vir U.K.O.V.S.** Die span het die afgelope wedstryd teen Blyvoor getoon waartoe hy instaat is. Die voorstes wat so mooi laagpak in die skrum en 'n doring in die losspel is, sal ongetwyfel veel bydra tot wat kom. Die agterlyn is nie sonder foute nie, maar kan soms gevaarlik raak. Die verdediging sowel as die aanval is skitterend. Graag noem ek hier 'n paar wilde manne,

(Vervolg op bls. 2, kol. 3).

## VOETBAL.



KOOS BASSON

**Een van die dae dan is ons op Potchefstroom om julle weer 'n voetballes of twee te leer. Julle kan julle maar klaarmaak vir 'n baie harde wedstryd. Ons span is beslis baie jonk en sommige van die spelers is ook nog so'n bietjie rou maar aan entoesiasme ontbreek dit nie.**

Ek voel werklikwaar soos 'n ou man tussen die jong klomp maar ons hoop om julle 'n baie lekker wedstryd te besorg en om die intervarsitybotsing so oop moontlik te maak.

Ons het baie van verlede jaar se staatmakers verloor maar nietemin is ons vasberade om weer soos verlede jaar amok te maak onder julle kêreis.

(Vervolg op bls. 2, kol. 2).

# WELKOM U.K.O.V.S.!

**Op Saterdag, 21 Mei, vind die jaarlikse intervarsity tussen P.U.K. en U.K.O.V.S. plaas.**

**Ongeveer 200 Bloemfonteiners maak Saterdagoggend om 7 uur hul verskyning op Cachet-stasie.**

Graag wil ek van die geleentheid gebruik maak om die Vrystaters 'n hartlike welkom toe te roep: Dit is vir ons as P.U.Kaners 'n voorreg om julle in ons midde te ontvang, en ek wil die hoop uitspreek dat 'n aangename naweek in Potchefstroom deurgebring sal word. Laat ons, vir die naweek altans, die boeke opsy skuif en saam deelneem aan studentepret wat 'n Afrikanerstudent waardig is. Aan al die Bloemfonteiners dus: Hartlik welkom. Maak julle tuis.

Met volle vertroue knoop die Pukke vanjaar die stryd aan. Ek persoonlik verheug my oor die gesonde gees wat op elke terrein in ons studentelewe heers.

**Die Ukovvers sal vanjaar met vasberade Pukke te doen kry, met Pukke wat alles in die stryd gaan werp en met eer daaruit gaan tree.**

**Aan al ons kapteins(teine) en aan elke deelnemer(ster) roep ek namens die Studenteraad toe: Alle sukses en sterkte!**

**BEN LOMBARD,**
Voorsitter S.R.

## TENNIS.




L. R. BOTHA.

Ons het vir **Jood, Grobbies, Floors, Frans** en **Koos** verloor. Dit was 'n gevoelige verlies, en seer sekerlik 'n groot wins vir Tukkies, Maties en Wits. Nogtans aan entoesiasme ont-

(Vervolg op bls. 3, kol. 2).

## HOKKIE.

Die veriles van sulke uitstaande spelers soos **Grobbies, Frans Meyers, Jood Struwig** en andere mag miskien aanleiding daartoe gee dat die hokkieklub vanjaar nie so goed sal presteer as met die vorige seisoen nie. As daar ook in aanmerking geneem word dat daar van verlede jaar se eerste span slegs twee spelers weer terug is, sal ons besef dat daar vanjaar 'n groot taak rus op die skouers van die hok-



J. F. C. VENTER

kiespelers. Gelukkig egter het ons spelers soos mnr. **Joubert, Ds. Loods** en **Buys** wat weer die plekke kan volstaan van ou staatmakers.

Die voorspelers kom reeds weer met die nodige samespel voor die dag en met 'n paar oefeninge behoort die agterspelers ook hul beste te lewer.

Die hokkieklub betreur dit egter dat die studente nie 'n bietjie meer belangstelling in hierdie sportsrigting toon nie. Ons besef dat hokkie miskien nie so populêr is onder die studente soos voetbal nie maar hoe kan 'n mens 'n span met intervarsity werklik ondersteun as dit die eerste keer is wat jy hom sien speel.

Na verneem word, ruk U.K.O.V.S. vanjaar op met 'n sterk hokkiespan. Ons vertrou egter dat die Pukkies weer met die beste daarvan sal afkom en die U.K.O.V.S. met die sak oor die kop sal terugstuur.

J. F. C. VENTER (Kapt.)


(Vervolg van bls. 1, kol. 3).

Ons sien baie uit na die botsing en hoop dat dit soos in die verlede weer in 'n goeie gees sal plaasvind.

My beste wense aan julle vir die komende intervarsity. Dit is al wat ek aan julle kan stuur want die oorwinnings sal natuurlik na die U.K.O.V.S. gaan. My beste wense vergesel ook al die spanne van U.K.O.V.S. Dreun hulle maar goed op U.K.O.V.S. en lekker speel Pukkies.

KOOS BASSON (Kaptein).

## TENNIS.



ERIC LAUBSCHER

Ja dis weer Intervarsity-tyd, ook vir die tennis. U.K.O.V.S. beskik vanjaar oor goeie spelers, en as ons gelukkig is, wil ons die Pukke weer so kafloop soos verlede jaar.

Verder wil ons net hoop dat die goeie gees wat in die verlede tussen die Pukkies en Kovsies geheers het, ook hierdie keer teenwoordig mag wees, en dat ons almal, beide Kovsies en Pukke, dit baie sal geniet.

Oefen hard Pukkies, julle ken ons mos.

ERIC LAUBSCHER (Kapt.)

(Vervolg van bls. 1, kol. 2).

wat enige tyd drie's kan druk, manne soos **Stoney, Joggom, Harrie, Haupt, Brink** en **Platbos.**

U sien dus dat u beslis gaan fouteer as u dink hierdie span gaan verloor

Ten slotte wil ek baie graag die U.K.O.V.S.-spanne hartlik verwelkom, en hulle alle sukses en die beste toewens vir 21 Mei. **Ook kan ek nie nalaat om die goeie gees wat in die verlede geheers het, te noem nie. Ons sal u goed ontvang U.K.O.V.S. Ons gaan lekker Intervarsity hou met die regte intervarsitygees.**

Nogeens aan elke speler, P.U.Kaner of U.K.O.V.S.-man, alle sterkte en sukses.

C. VAN VUUREN (Kaptein).

# JUKSKEI.



J. H. LABUSCHAGNE

Saterdagoggend 21 Mei begin die stryd met die „houtgame". Al moet ons vanjaar sonder 'n ou speler klaarkom, is ons vasberade dat die dag met 'n oorwinning vir ons sal begin. Dames sowel as die Mans A- en B-spanne is reg vir hulle.

Aangesien ons teenstanders ook oor sterk spanne beskik, word goeie spel met baie penne verwag.

Die wedstryde begin 8 uur en met morele ondersteuning kan baie gedoen word.

J. H. LABUSCHAGNE (Kapt.)

# SANG

Andermaal is dit intervarsity—sien julle, Pukke! Iets om na uit te sien vir die spelers, behalwe vir ons mense, ons wat sing en raas. As ons eindelik daarin slaag om iets uit julle kele te kry sal dit andermaal beteken: 'n oorwinning vir U.K.O.V.S. Patrysie, hou jou mense reg om jou van sêgoed te bedien, moet nie onnodige tyd verspil en die publiek en ons studente vervelend laat wag op 'n antwoord wat gewoonlik gekenmerk word deur 'n tradisionele stilte of 'n patetiese „smile" nie!

U.K.O.V.S.-studente is reg—ja reg om al wat P.U.K. is van julle stellasies af te skree en sing. Moet nie te veel bewe vir studente nie en moet nie kouekoors kry van die Mom-Pour nie! U.K.O.V.S., ons skree ons manne telkens oor die lyn en die Pukkies—voorwaar—het julle weer 'n U.K.O.V.S.-dirigent nodig om julle tot sang te dwing?

W. C. ELS (Rasieleier).

# HOKKIE

Die hokkieseisoen is weer hier en wat nog interessanter is, is die feit dat die lekker ou Intervarsity ook al amper weer voor die deur is.

**Die spelers is baie entoesiasties en ons verwag groot dinge vanjaar.** Ons span sal heelwaarskynlik nie so goed wees as verlede jaar nie vanweë die feit dat so baie van verlede jaar se studente weg is. Die span sal in elk geval goed genoeg wees om die Puk-



H. BRITTON

kies swaar dae te gee, en voorwaar iets om oor te dink.

Daar word in alle erns geofen vir die groot slagting en ons sien terdeë uit daarna.

F. W. KOCK (Sekr.)

(Vervolg van bladsy 2, kol. 1).

breek dit nie vanjaar nie. Die spelers is reeds van Februarie af besig om hard te oefen, met net een doel voor oë, naamlik om U.K.O.V.S. vanjaar op hulle baadjie te speel.

Pukkies, met ons span saamgestel uit hierdie ervare spelers en ander jong spelers in 'n goeie staat van afrigting, het ons nog net u ondersteuning nodig. Tennis is ook 'n Intervarsity-wedstryd wat gewen of verloor kan word. Kom help ons om die U.K.O.V.S. kaf te draf.

**Die tyd:** Vrydag( 20 Mei vanaf 1.30 nm.


**Die plek:** Ons eie tennisbane.

Ons het die ondersteuning van elke Puk nodig.

L. R. BOTHA (Kaptein).

Weëns gebrek aan ruimte kon sommige verslae nie geplaas word nie en is ander verkort.—(Red.)

# JUKSKEI.



A. CILLIERS

Pukke, jul jukskeikersie is in sy eie vet gesmelt.

Wanneer veterane teen beginners optree, is die stryd altyd eensydig. Jammer Pukkies, julle het klaar verloor.

Die enigste wedstryd wat ooit deur julle op 'n Intervarsity gewen is, was die 1ste jukskei-span.

Julle het verlede jaar julle laaste oorwinning behaal.

Tye verander en geslagte gaan verby en in julle geval, is julle jukskeigeslag verby.

Wat was, sal nooit weer wees nie. Ons hoop egter op 'n baie aangename wedstryd en dat daar jukskei van hoë gehalte gelewer sal word.

A. CILLIERS (Kapt.)

# SANG.


Pukkies môre is intervarsity, en daarom gaan ons, soos gewoonlik weer groot pret hê.

Ek het gedink dat net die kat sou terugkom, maar nou maak die jonge Els ook glo sy verskyning. Nou ja gepraat van Katte, dit lyk vir my U.K.O.V.S. stuur meer as een—een is glo te min om hulle op te sweep.

Gelukkig het U.K.O.V.S. se kat glo nie weer 'n minderwaardigheidskompleks nie,—die rasieleier het nou een. Hy voel glo sleg omdat die Pukke hom nie ook vereer het, deur hom vir 'n naweek na die Puk-vesting oor te bring nie.

Nou ja soos julle weet Pukkies, ons wou hom vang maar toe kom ons voor

(Vervolg van bls. 4, kol. 2).




## INTERVARSITY PROGRAM.

**VRYDAG 20 MEI:**

1) **2 nm. Tennis** begin op P.U.K.-veld.
2) **7.30 nm. Debat** in Hoofgebousaal.

**SATERDAG 21 MEI:**

1) **8 vm. Jukskei**, P.U.K.-bane.
2) **8.15 vm. Tweede Korfbal en Tweede Manshokkie** op P.U.K.
3 **9 vm. Eerste Korfbalspanne**, op P.U.K.-veld.
4) **10 vm. Eerste Manshokkie** op P.U.K.-veld.
5) **10.30 vm. Derde Voetbalspanne**, P.U.K.-veld.
6) **11 vm. Eerste Dameshokkie**, P.U.K.-veld.
7) **12.15 n.m. Ete** op Grasperk by Studentesaal.
8) **1 nm. tot 1.30 nm. Busse vertrek** na Park.
9) **1.45 nm. U.K.O.V.S. O/19 vs P.U.K. O/19.** Park A
10) **2.45 nm. U.K.O.V.S. II vs. P.U.K. II,** Park A
11) **4 uur nm. U.K.O.V.S. I vs. P.U.K. I,** Park A
12) **8 nm. Dinee vir 1e-Span Spelers** by Royal Hotel.
13) **7.30 nm. Volkspele** in Hoofgebousaal.

**N.B.—Spelers word dringend versoek om stiptelik op tyd by die regte sportvelde te wees.**

## DAMES-HOKKIE

Ons sien almal naarstiglik uit na die 21e Mei—Intervarsity met die Pukkies! . . . . want dan gaan daar mos weer hokkie gespeel word uit die boonste rakke.

Albei ons spanne voel so reg soos reën vir die botsing en die Pukkie dames kan hulle maar solank vetsmeer—onthou, ons voorspelers het **„Pegasus"** gedrink!

Ons is slaggereed en koester hoë verwagtings vir die groot dag.

RINA ODENDAAL
(Kapteine, Dameshokkie).

Weer gaan die hokkie sy vaandel hoog hou en vir U.K.O.V.S. wys waar Dawid die wortels gegrawe het—ja nee, U.K.O.V.S. daar wag 'n paar verrassings vir julle!

A. WILKINS (Kapteine).

(Vervolg van bls. 3, kol. 3).

die probleem te staan wat om met hom te maak as hy nou eers hier is —die man is tog so beskeie en daarby het die Kat nog verkoue.

Laat ons nou môre soos een man optrek teen die Universiteit, Oranje Vrystaat!!!! en sommer uit die staanspoor die voortou neem.

Môre gaan ons weer lekker saam sing, Pukkies, en Theos oor die doellyn skreeu.

PATRYS (Dirigent)

## KORFBAL



H. HOFMEYER.

Soos in die verlede het U.K.O.V.S. weer rede om ons bane met vrees te betree.

**Chrissie de Wet!** Hoe vertrek julle gesigte nie nou nie—dit herinner aan 1947 se kafferpak, nê U.K.O.V.S. Vergeet nie ons klein Rooikop-**Cilna** en **Thresia** nie.

Verdedigers! Wie ken nie vir **Napoleon, Jessie** en **Lida** nie. U.K.O.V.S. sal nie eers die voorreg hê om te toon hoe mis hulle kan gooi nie.

Die middels van die span het natuurlik ook reeds beroemdheid verwerf. Heleen, op die lyn—waar is daar 'n ratser speelster! Sy skiet die bal uit na Hélène en Claudine. Nou ja, dan is die bal deur die ring as hy eers in die hande van die doele gekom het.

Ons Tweedespan! Hermie sê: „Ons weet hoe om 'n bal te speel." Hierdie span is vasbeslote om U.K.O.V.S. op hulle neuse te laat kyk!

Welkom U.K.O.V.S.!

H. SCHEEPERS (Sekr.)